Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 11 Apr 2018
Page: 7

AVE: 19499.25
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# 2 van Tuks kwalifiseer vir Jeug-Spele




James Freeman en Christin Mundell (onder), albei leerlinge aan TuksSport High School, het gekwalifiseer om Suid-Afrika op die Jeug Olimpiese Spele in Buenos Aires te verteenwoordig.
Foto's: REG CALDECOTT

Wilhelm de Swardt

Die swemmers van TuksSport High School het hulself deeglik gedurende die Suid-Afrikaanse Junior-swembyeenkoms in Durban laat geld.

Nie net het hulle die spanafdeling gewen nie, individueel het die swemmers ook puik presteer. James Freeman en Christin Mundell was twee van die groot uitblinkers. Albei het gekwalifiseer om Suid-Afrika op die Jeug Olimpiese Spele in Buenos Aires (6 tot 18 Oktober) te verteenwoordig.



Christin Mundell

Die 16-jarige Freeman het goue medaljes in die 200 m, 400 m, 800 m en 1 500 m-vryslagnommers gewen. Hy het ook die Suid-Afrikaanse ouderdomsgroep-rekords in die 800 m (8:14.74) en 1 500 m (15:47.71) verbeter.

Freeman, wat Botswana-burgerskap het, het dalk ook swemgeskiedenis gemaak deur die eerste van sy land se swemmers te word wat vir 'n Spele kwalifiseer deur die kwalifiserende A-vereiste te swem.

Op verlede jaar se Jeug Statebondspele het hy 'n bronsmedalje in die 1 500 m gewen en tot die 400 m-vryslag se eindronde deurgedring.

Freeman beskou die Amerikaanse swemlegende Michael Phelps as 'n rolmodel. Dié Amerikaner het gedurende die 2008-Olimpiese Spele in Beijing vir 'n eerste gesorg toe hy agt goue medaljes gewen het. Die vorige rekord is deur Mark Spitz gehou wat sewe goue medaljes op die 1972-Spele gewen het.

"Wat ek van Phelps bewonder, is sy absolute toewyding. In die opbou na die 2008-Spele het hy nie een dag se oefening gemis nie. Dit bewys vir my dat om suksesvol te wees gaan alles oor toewyding. Talent tel vir baie, maar op die ou einde moet jy bereid wees om groot opofferinge te maak."

Mundell het ses goue medaljes (50 m-borsslag, 100 m-borsslag, 200 m-borsslag, 200 m-vryslag, 400 m-vryslag and 200 m- individuele wisselslag) gewen en in al dié nommers ook vir die Jeug-Spele gekwalifiseer.

Vir baie is net die idee om vir ses dae 'n week vir ure heen en weer in 'n swembad te swem erg, maar Mundell geniet elke oomblik daarvan. Swem is haar stokperdjie. Wanneer sy in die water is, is sy op haar gelukkigste.

"Swem is terapeuties vir my. Dit maak nie saak hoe hard of vinnig ons die dag moet swem nie, wanneer ek in die water is, begin ek ontspan. Die oefening is my manier om van my probleme te vergeet."

Een van Mundell se oefenmaats is Tatjana Schoenmaker wat die afgelope naweek op die Gold Coast Statebondspele 'n goue medalje in die 200 m-borsslag gewen het.

"Tatjana se vertoning was ongelooflik. Dit is 'n bewys dat Tuks se swemprogram werk en motiveer my om self nog harder te oefen.

"Tatjana is werklik 'n rolmodel vir my. Wat ek waardeer, is dat sy altyd bereid is om jonger swemmers te help. Dit is asof sy nie wil hê ons moet dieselfde foute as sy maak nie."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.